# Omgeegroepgids

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met 'n missie

## Jesaja 40

Het jy al lank gewag vir iets? Jy het gewag en gewag en uiteindelik na 'n lang ruk daardie een ding gekry waarvoor jy so lank al uitgesien het? Maar wat as jy nie dit kry waarvoor jy gewag het nie? M.a.w. jy het vol opwinding vir iets gehoop en gewag en dit het nie so gebeur nie? So word mens teleurgesteld en veral ook as dit aanhou gebeur of as mens die heeltyd wag en niks goeds gebeur nie. So word mens na 'n tydjie moeg gehoop. Dit voel soms of God jou verlaat, ignoreer, of jou nie hoor nie. Wat doen mens dan? Dit is persies hoe die Judeërs gevoel het aan die einde van Babiloniese Ballingskap (ca. 540 v.C.) toe hulle vir 40 jaar lank al in die land van hul vyand sit en daar is nog geen teken van redding nie. Hulle begin wonder: "Het God ons verlaat? Is Hy regtig so sterk as wat ons gedink het?" En dit is juis dan wanneer die profeet in **Jesaja 40:21-31** hulle bietjie moed inpraat en hulle eintlik bietjie aanvat vir hul ongeloof.



Die profeet vra hier vir die Judeërs, "Ken julle ons God werklik so sleg? Kyk net na die aarde se fondamente!" M.a.w. kyk net na die skepping (v.21). *Hy* is die een wat die aarde gemaak het, die berge vasgelê het in sy fondamente, en die een wat die lug geskape het. Hy is die Skepper van alles en almal (v.22). En jy wat mens is begin in *Hom* hoop verloor? Hy is die een wat op sy troon sit en oor alles regeer. Hy is die grootste en sterkste wat daar is. God alleen is in beheer. Hy alleen is koning. So met wie kan Hy vergelyk word? Wie kan op dieselfde vlak as Hy wees? Kyk net na die sterre, kyk op na die hemelruim (v.26). God het dit alles geskape *en* ken elkeen op die naam. "So," vra die profeet dan in v.27: "As jy nou oor alles dink wat ek vir jou gesê het, hoe kan jy dan sê my lewenspad is verborge voor die Here, Hy stel nie in ons belang nie?" Hy is die ewige god, die een aan wie tyd nie verbonde is nie; Hy is die Here, die skepper van die eindes van die aarde wat ons nie met ons menslike brein kan begryp nie (v.28).

Daarom, dié wie op die Here wag, herwin hulle krag (v.31). Nou in Hebreeus is daar twee woorde vir wag (*Ya-khal* en *Qa-vaah*) en die tweede hiervan (die een wat in hierdie gedeelte gebruik word), word baie keer as 'hoop' vertaal. *Maar* hierdie tipe hoop in die Bybel is bietjie anders as wat ons hoop vandag verstaan. Bybelse hoop het nie 'n element van optimisme nie. Dit is nie gefokus op die afwagting van verbeterde omstandighede nie. Inteendeel, hoopvolle mense in die Bybel besef baie keer daar is geen bewys dat hulle omstandighede gaan verbeter nie. Bybelse hoop is om jou oë op God te hou, ten spyte van wat nou rondom jou gebeur en wat nog gaan gebeur. En as ons so hoop, of "wag" op God deur net ons oë op Hom te hou, kry ons nuwe lewens krag. Daar staan God gee ons nuwe vere soos arende om te sweef. Die Hebreeus bedoel hier eintlik vlerke eerder as vere; God gee ons dus vlerke om te vlieg. En in die antieke wêreld was vlerke 'n heilige aspek. Hulle het net gode en heilige wesens uitgebeeld met vlerke. So as God ons vlerke gee, kry ons iets heilig. Ons kry nie net gewone krag nie, ons kry *heilige* krag. Krag van God self wat ons ophef om die wêreld aan te pak. Sodat ons so kan hardloop en nie afgemat word nie, kan loop en nie moeg word nie (v.31). So, hoop (of liewers "wag") en hou jou oë gefokus op God.



- Kan jy aan voorbeelde dink (in jou eie lewe) waar jy al gewag het en iets nie dit gekry het waarvoor jy gewag het nie?
- Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte wat Jesaja aan die Judeërs skryf?
- Hoe verander jou perspektief op hoop as nie 'n optimistiese afwagting op verbeterde omstandighede nie, maar om jou oë op God te rig?
- Wat sal dit (prakties) impliseer om jou oë op God te rig? Hoe sou dit lyk in jou lewe?

## Gebed



Vra God dat ons gefokus sal bly op Hom in tye waar hy ver voel; in tye waar ons soms bietjie moeg "gewag" is.

04 Mei 2025